

# Ons Erediens

## NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:**

**Dr. Ernst Endres – 21 November 2021**

### **VOTUM EN SEËNGROET::**

Soos 'n wildsbok smag  
na waterstrome,  
so smag ek na U, o God.  
<sup>3</sup>Ek dors na God, na die lewende God.

Aan die gemeente van God in Wonderpark,  
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en  
geroep het om aan Hom te behoort,  
en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees,  
wat die Naam aanroep van Jesus Christus,  
hulle Here en ons Here:  
<sup>3</sup>Genade en vrede vir julle  
van God ons Vader en  
die Here Jesus Christus!

### **SKRIFLESING EN GEBED:**

**Teks: Psalm 39**

**Tema: Reisigers en gaste in God se heeal.**

**Psalm 38: Spanningsveld tussen vervreemding en nabyheid: siektetoestand**

Die digter het 'n persoonlike krisis beleef. Sy gesondheid het ingegee en hy het vir sy lewe gevrees.



- Hy het infeksie in sy bekken gehad wat tot swere en oop wonde gelei het.
- Sy wonde het begin stink en hy was krom en inmekaar getrek van die konstante pyn.
- Sy hart het “gejaag”, sy krag het begin ingee en hy kon later nie eers meer sien nie. (Ps 38:2-11)

### **Vervreemding en eensaamheid tree in.**

- Sy gesondheidstoestand het daartoe gelei dat sy familie, vriende en bure hom begin vermy het. (Ps. 38:2-12).
- Hy het paranoïes geraak en het later niemand meer vertrou nie. (Ps. 38:13-15)
- Hy het ook gevoel dat God hom verlaat het. (Ps. 38:22)
- Vervreemding het ingetree en hy was ‘n bitter eensame mens.

**Smag na nabyheid.** In Psalm 38 skryf die digter, “U weet waarna ek smag, Here” (38:10). Hy het gesmag na ‘n nuwe vorm van “nabyheid”. Hy smag opnuut na die nabyheid van sy familie, vriende, bure, mense en God. Hy moes eers deur ‘n persoonlike krisis hierdie vanselfsprekende nabyheid verloor, om die waarde daarvan te besef.

### **Nadenke.**

In hierdie tydperk is hy met diepe nadenke besig, “Ek wil sorgvuldig let op my lewe” (Ps. 39:2)

#### **1. Die misterie van die lewe (39:4b-7)**

- **Doodsiek.** Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder; (Ps. 40:3)
- **Hoe lank.** Maak tog aan my bekend wanneer my einde sal wees, en hoeveel dae daar vir my oor is, sodat ek sal weet wanneer my lewe verby is.
- **Korthed.** Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees (vier vingers),



- **Verganklik.** In u oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar verganklik.
- **Nutteloosheid.** Die mens leef soos in 'n droom en hy sloof hom af vir niks. Hy gaan op, maar weet nie wie dit sal kry nie.

“U weet waarna ek smag, Here” (Ps 38:10)

## 2. Die misterie van hoop: van eensaamheid tot nabyheid! (Ps. 39:8)

Is daar nog hoop vir my, Here? U is my enigste hoop.

- **Energie: nie meer opgaan, maar nabyheid.** Ek gaan nie meer opgaan nie, maar werk aan 'n nuwe vorm van nabyheid;
- **Familie:** Diepere vorm van nabyheid met sy familie;
- **Vriende:** 'n Diepere vorm van nabyheid met sy vriende;
- **Bure:** 'n Diepere vorm van nabyheid met sy bure;
- **Mense:** 'n Diepere vorm van nabyheid met mense;
- **God:** 'n Diepere vorm van nabyheid met God;
- **Tradisies:** Skep nuwe tradisies van nabyheid;

“What you loose in the fire,  
you will find in the ashes”! (Franse spreekwoord).

## 3. Hy kry 'n tydlose perspektief op sy lewensbestaan

- **Reisigers en gaste:** Ons is reisigers deur die heelal en God se persoonlike gaste wat deur Sy liefde en genade bewaar en bederf word.
- **Tevrede:** Ek kla nie, ek maak my mond nie oop nie;
- **Vergenoegd:** U alleen sorg vir my, soos vir al my voorvaders; (39:13)
- **Harmonie:** Neem tog u straf van my weg, dat ek weer bly kan wees voordat ek heengaan en nie meer daar is;



Iets hiervan word verwoord in die lied van Koos du Plessis, “As jy my kon volg”,

- As jy my kon volg op die vleuels van die wind; na wêreld oorkant die maan; sou jy my spoor in die melkweg vind; my tent tussen die sterre sien staan;
- Want ek is nog jonk en die wêreld is oud-; sy skadu val ver deur die ruim; neem nou my hand want die nag word koud en **waarom sal ons versuim?**
- As jy my kon liefhê tot alles vergaan en nooit, ooit die skeiding sou vrees; sou ons die lewe kon leer verstaan; 'n oomblik gelukkig kon wees;
- Maar ons is nog jonk en die wêreld is oud en voor ons het almal gefaal; neem nou my hand want die nag is koud... **dis dalk die heel laaste maal.**

AMEN!

### **SEËNBEDE:**

<sup>24</sup>Die Here sal julle seën  
en julle beskerm;  
<sup>25</sup>die Here sal tot julle redding  
verskyn  
en julle genadig wees;  
<sup>26</sup>die Here sal julle gebede verhoor  
en aan julle vrede gee!

### **OFFERGAWE:**

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.  
Absa Tjekrekening 1460165489  
Takkode:632005  
Verwysing: Dankoffer



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: [kantoor@ngkerkwonderpark.co.za](mailto:kantoor@ngkerkwonderpark.co.za)

**Vandag se erediens is geborg deur:**



**ANNIQUE**  
**rooibos**

**Onafhanklike Konsultant**  
*Ons skep daaglik lewensveranderende geleenthede!*

**Vir inligting oor Annique produkte,  
maandelikse specials en  
Black Friday specials,  
kontak my!**

**Elanza 082 440 8686**

*Wil jy 'n ekstra geldjie verdien?  
Geen aansluitingsfoo!  
Geen verpligte maandelikse aankope.  
Kontak my om by my wenspan aan te  
sluif.*

